M.G.E.V
Mosselbaai Grond Eienaars Vereeniging
Mosselbay Land Owners Assosiation

**Kompanje Laan 17**
**Hartenbos**
**6520**
**Selfoon: 083 305 9943**

Herbie Oosthuizen & Assosiate
Montagustraat 71
Mosselbaai, 6520

**16 April 2024**

Per e-pos: herbie@holaw.co.za

**IS: MGEV // MOSSELBAAI MUNISIPALITEIT – KORRESPONDENSIE EN ANDER AANGELEENTHEDE**

Geagte Meneer

U skrywe van 16 April 2024 verwys

Volgens die NBU regspan is die waardasie rol siklusse van kardinale belang om u skrywes en stellings genaak te kan antwoord. In die MGEV Skrywe van 28 Maart 2024 (aangeheg) word die volgende inligting van u en u kliënt versoek:

*"Graag ontvang MGEV bevestiging dat Skedule (21.8 aangeheg) wel die korrekte inligting van die Waardasie-Rol-siklusse van MM soos uiteengesit in Nota 18 in die Finansiële state van 2005/06 weerspieël.*
*Indien MGEV teen Vrydag 12 April 2024 niks van u hoor nie aanvaar MGEV die Waardasie Rol Uiteensetting is korrek."*

Geen terugvoering is ontvang nie behalwe vir u skrywe punt 22-) op die MGEV kuberruimte ook aangeheg.

Na 'n uitgebreide soektog is die waardasie-rol-siklusse uiteindelik in die finansiële state van u kliënt gevind. Die werkdokument waarin die inligting verkry is, met verwysing na elke finansiële jaarstaat, word vir u rekords aangeheg (23-2).

Uit die finansiële state blyk dit dat die waardasierol van 2007 tot 2011 vir vier jaar gebruik is vir die volgende twee siklusse, dit wil sê vir 12 jaar, waarvan 8 jaar onwettig gehef is. Die NBU-regspan ondersoek tans die saak. Hierdie omstandighede het die vertraging in die antwoord op u skrywes veroorsaak. Die MGEV verseker u dat die regspan naby aan 'n antwoord is.

Terwyl dit begrotings tyd is het die MGEV 'n paar probleme met die 2024/25 begroting gevind ons bring dit onder u aandag vir u kliënt se kommentaar. Die skakel na die vrae is ook op die MGEV se kuberruimte beskikbaar: MGEV Begroting 2024/25 vrae

Vir u rekords sluit ons die dokumente hier in ons sal ook amptelik die dokumente indien tydens die begrotings vergaderings.

Kyk die: Video Burgemeester Begrotings boodskap:

23-3) Video 0.50 minute - Skuld vermeerder van R30 miljoen tot R614 miljoen in 9 jaar - Verhoging van 1 992%

23-4) Video 0.50 minute - Rente van R3.8 miljoen per Jaar na R57.5 miljoen per jaar - Rente las op met 1 396%

23-5) Video 0.20 minute - Begrote lenings is R439 806 695 MEER as die goedgekeurde mandaat

23-6) Video 2.50 minute - Onregverdige belastingverhogings: 35% in 7 Jaar verarm gemeenskap

23-7) Video 3.40 minute - Elektrisiteitstariewe in begroting van 2024-25 stelling vals van die gans

23-8) Video 4:20 minute - Deernispakkette in begroting van 2024-25 R14 9880 720 tekort begroot 22/23 – 74 mil. Afgeskryf?

**Vriendelike Groete**

**Johan Gräbe – Voorsitter MGEV**